**Vrydag 22 Januarie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 32:1-10; HK Sondag 4, Vraag 9**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 32:4**

## God doen die mens geen onreg aan nie

In Deuteronomium 32 onderrig God sy volk by monde van Moses. Teenoor die ontrou en korrupte gesindheid van Israel word baie sterk beklemtoon dat God regverdig en sonder onreg is. Trouens, die hele Bybel getuig daarvan (vgl. Ps. 92:16; Op. 16:5).

In die lig hiervan moet die bedenking van die mens in Vraag 9 van ons belydenis gesien en beoordeel word. Daardeur word die indruk gewek dat God die mens 'n onreg aandoen deur van hom iets te eis wat hy nie kan doen nie.

Onreg veronderstel dat die mens sekere regte het en dat dié regte misken of vertrap word. Die onreg sou dan daarin bestaan dat God ook ná die sondeval van die mens bly eis dat hy sy wet volmaak moet volbring, terwyl hy sedert die sondeval so verdorwe is dat hy dit nie meer kan doen nie. Kan hier werklik van onreg sprake wees?

God eis van die mens om Hom lief te hê met 'n volmaakte liefde. Hy moet God liefhê bo alles en sy naaste soos homself. Aan hierdie eis kon die mens voor die sondeval wel volmaak voldoen, want God het self die mens so geskape dat hy dit kon doen.

Wat het toe gebeur? Die mens het deur moedswillige ongehoorsaamheid homself en al sy nakomelinge van die gawes beroof om God bo alles lief te hê en sy naaste soos homself.

Ook die feit dat die mens gesondig het deur die aanhitsing van die duiwel, is vir hom geen verskoning nie. Die leuens van Satan was immers nie net godslasterlik nie, maar ook so deursigtig dat mense met 'n onbenewelde verstand – en dit het Adam en Eva toe gehad – duidelik die bedoeling daarvan kon insien. Tog luister hulle na Satan en draai die rug op God. Daarom kan hulle aan God se eis om Hom volmaak lief te hê, nie meer voldoen nie.

Dit is dus die mens se eie skuld dat hy die eis van God nie meer kan uitvoer nie. Daarom doen God hom geen onreg aan deur van hom te eis wat hy voor die sondeval kon doen nie. Eerder as om homself voor God te probeer regverdig, moet die mens met skuldbelydenis sy verlossing in die soenverdienste van Christus soek (Rom. 3:21-24).